

Ander kom eerste | 20 November 2022 | Ds. Dirkie van der Spuy

dvdspuy@moreleta.co.za

## Inleiding

- Paulus skryf in hoofstuk 5 wat oorloop in hoofstuk 6 oor die konsekwensies van **Christenskap in die praktyk**. Daarom moet ons in hierdie gedeelte baie eerlik en prakties oor ons eie lewe praat.
- Daar is **sewe** Griekse woorde wat verskillende fasette van liefde vertolk. (familie, gesin, vriende, seksuele, ens. liefde) In hierdie deel word die Griekse woord agape gebruik wat dui op 'n **onselfsugtig fokus** op die ander en hulle belange en 'n liefde wat ander se behoeftes eerste te stel. Dit is daarom 'n liefde wat bereid is om op te offer en bereid is om soos Jesus te doen wat die Kruispad vir ons geestelike seën en die ewige lewe gestap het.

## Wenke vir leier

- Beplan 'n spesiale kring **afsluiting** met 'n ete, 'n piekniek of 'n braai.
- Beplan 'n spesiale **Kersfees** geleentheid vir julle kring.
- As julle **enkellopend** is, kan julle die vrae oor die huwelik en die gesin aanpas by hulle behoeftes.
- Bespreek wie julle kan nader om **deel te word** van julle kring.
- Maak seker dat elkeen 'n **pen en papier** het om die laaste vraag se antwoord oor hul Christenskap neer te skrywe.

## Lees saam

## Gesels saam

- 1 Gee vir elkeen kans om 'n **definisie** van 'n "Christen" te gee.
- 2 Wat is **Paulus** se definisie van 'n Christen in Ef.5:1-2?
- 3 Wat leer **Ef.5:1-2** vir ons oor God die Vader en Jesus?
- 4 Wat leer ons in **Ef.5:3-5** oor onself en ander mense?
- 5 Waaraan sal jy 'n Christen uitken in:
  - \*\*sy **huwelik**? Ef. 5:21-33.
  - \*\*sy **gesin**? Ef.6:1-4.
  - \*\*sy **werksplek**? Ef.6:5-9.

## Doen saam

- Gee geleentheid vir elkeen om die Heilige Gees te bid vir vervulling tot ons oorloop van God se liefde.  
**Ef.5:18. Rom.5:5.** (INWAARTS)
- Laat elkeen **neerskryf** waarom hy/sy dink hul lewensmaat, hul kinders en hul werksmense sal sê dat hul 'n Christen is. Gaan toets antwoorde deur jou huweliksmat, jou kinders en jou werksmense te vra en volgende week terug te rapporteer oor die antwoorde wat jy by hulle gehoor het. (UITWAARTS)

## Leer meer / kyk weer



[Klik hier vir verdere studie materiaal](#)



[Klik hier om weer te kyk.](#)

## Navrae

kringe@moreleta.co.za  
012 997 8100  
Algemene info  
info@moreleta.co.za  
012 997 8000

## Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383  
gebed@moreleta.co.za

## Hulp?

**Berading** - Moreleta Wholeness Sentrum  
wholeness@moreleta.co.za  
012 997 8035